higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N240**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4

(6030154)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS

1. Kandidate het DRIE uur om hierdie vraestel te skryf. In die drie uur moet kandidate ALLE data toevoer, AL hulle antwoorde druk en, as dit gevra word, ALLE skriftelike werk doen.

2. In geval van 'n kragonderbreking of ingeval 'n rekenaar of drukker onklaar raak, moet die verlore tydsduur ekstra toegelaat word.

3. Ná die eksamensessie moet toesighouers seker maak dat kandidate se EKSAMENNOMMERS en die watermerke van hulle werkstasies op ALLE drukstukke/antwoorde wat ingegee is, verskyn. GEEN drukstuk/antwoord sonder 'n EKSAMENNOMMER en watermerk sal nagesien word nie.

4. Drukstukke/antwoorde MOENIE aan mekaar vasgekram word nie. Kandidate word gepenaliseer as hulle drukstukke aan mekaar vaskram.

5. Toesighouers moet na die eksamensessie ALLE ander drukstukke wat nie nagesien moet word nie, bymekaar maak. Kandidate mag GEEN DRUKSTUK hoegenaamd uit die eksamenlokaal neem of in 'n snippermandjie gooi nie.

6. GEEN vraestel mag voor die verstryking van EEN uur nadat die laaste eksamensessie op die dag van die eksamen begin het, uit die eksamenlokaal geneem word nie.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie eksamen is DRIE uur lank. In dié tyd moet ALLE data toegevoer, antwoorde gedruk en, as dit gevra word, skriftelike werk gedoen word. GEEN ekstra tyd word vir drukwerk toegestaan nie.

5. Maak die rekeningkundige stelsel CHASE oop. Dit is reeds op jou rekenaar gelaai. As jy 'n netwerkgebruiker is, sorg dat jy die stel rekeninge kies wat vir jou werkstasie gelaai is.

6. Om te verseker dat jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) op AL jou UITDRUKKE verskyn, moet jy eers die volgende doen voordat jy die vrae begin beantwoord:

   Kies SETUP
   Kies COMPANY PARAMETERS
   Kies Company Name
   Druk CTRL + SHIFT + T
   Sleutel jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) in
   Klik op OK

7. Druk slegs op die EEN KANT van die papier.

   Rangskik jou DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde en gee SLEGS in wat gevra word. As jy aaneenlopende papier gebruik het, skei die bladsye van mekaar voordat jy hulle ingee.

8. GEEN DRUKSTUKKE mag aan mekaar vasgekram word nie.

9. **LET WEL: 5 punte sal afgetrek word as jou drukstukke NIE in die regte volgorde is nie, as jy nie aaneenlopende bladsye van mekaar geskei het nie, of as jy aan al twee kante van 'n bladsy gedruk het.**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Gebruik 'n woordverwerkingsprogram om hierdie vraag te beantwoord. Voeg 'n kopskrif met jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) aan die linkerkant en AFDELING A aan die regterkant in. Gebruik die font Arial en die fontgrootte 12.

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Dis die kortpadsleutel vir die notafasiliteit 👍	A	beskrywing
1.1.2	Vir die doel van standardisering moet alle gebruikers se data in dieselfde formaat ingesleutel word, byvoorbeeld Posbus en Afleweringsadres.	B	folionommer van handstelsel
		C	F9
		D	BTW-inset
		E	R50 000
		F	F2 👍
1.1.3	Eksterne verwysings vir algemenegrootboek-rekenings	G	gebruiker gedefinieerde velde
		H	BTW-uitset
1.1.4	BTW betaal vir items wat gekoop en by die SAID geëis kan word 👍	I	R57 000
		J	algemenegrootboekkode
1.1.5	As kantoortoerusting vir R57 000 inklusief gekoop word, moet die bedrag van ... gebruik word om die depresiasie te bereken.		

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Die besigheid bepaal die belastingpersentasie. 👍

1.2.2 Nulkoersitems sluit in finansiële dienste en geskenkte goedere.

1.2.3 Verskaffers wat 'n opgawe sesmaandeliks indien, gebruik Kategorie A-belastingtydperke. 👍

1.2.4 Die persentasie wat vir inklusiewe items gebruik word, is 100%.

1.2.5 Die belasting wat vir vaste bates gebruik word, is 01. 👍

(5 × 2) (10)

1.3. Noem die VYF stappe om 'n maatskappy vanaf 'n ander drywer by te voeg. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Life Distributors is 'n kleinhandelsbesigheid wat huishoudelike produkte, skoonheidsmiddels, vitamientablette en verslankingsmiddels verkoop. Xandra Welch is die eienaar daarvan. Die besigheid gebruik die gerekenariseerde boekhoustelsel Pastel. Jy word as boekhouer hier aangestel.

Die finansiële jaar van die besigheid strek van 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019.

Die besigheid is vir BTW geregistreer, en betaal die Suid-Afrikaanse Ontvanger van Inkomste tweemaandeliks volgens die faktuurbasis.

Jy word gevra om die opstelparameters te voltooi volgens die aanwysings onder BYKOMENDE PARAMETEROPSTELLING. Verwerk die res van die transaksies vir Mei 2018 (Tydperk 3).

2. PARAMETEROPSTELLING

2.1 INSKRYWINGSTIPES (Reeds opgestel)

No.	Inskrywingstipe
1	CB 1 Betalings (kontantbetalingsjoernaal)
2	CB 1 Kwitansies (kontantontvangstejoernaal)
3	CB 2 Betalings (kleinkasbetalingsjoernaal)
4	CB 2 Kwitansies (kleinkasontvangstejoernaal)
5	Algemene joernaal
6	Klantejoernaal
7	Verskaffersjoernaal
8	Klantekortingsjoernaal
9	Verskafferkortingsjoernaal
10	Renteheffingsjoernaal
11	Voorraadjoernaal

Kopiereg voorbehou

2.2 ALGEMENEGROOTBOEKREKENINGE (Reeds opgestel)

Rekeninge	Getal
Verkope	1000/000
Aankope	2000/000
Beginvoorraad	2010/000
Slegte skuld verhaal	2850/000
Slegte skulde	3150/000
Bankkoste	3200/000
Verbruiksgoedere	3250/000
Depresiasie	3450/000
Skenkings	3600/000
Elektrisiteit en water	3650/000
Algemene onkoste: Geskenke	3800/010
Versekering	3850/000
Rente betaal	3900/000
Motorvoertuie: Petrol en olie	4150/010
Drukwerk en skryfbehoeftes	4200/000
Huur betaal	4300/000
Salarisse en lone	4400/000
Telefoon en faks	4600/000
Kapitaal	5100/000
Teruggehoue inkomste/opgehoopte verlies	5200/000
Tekeninge	5400/000
Rekenaartoerusting	6250/000
Rekenaartoerusting: Koste	6250/010
Rekenaartoerusting: Opgehoopte depresiasie	6250/020
Kantoortoerusting	6300/000
Kantoortoerusting: Koste	6300/010
Kantoortoerusting: Opgehoopte depresiasie	6300/020
Belegging: Chase Bank (8%)	7150/000
Handelsvoorraad	7700/000
Klantkontrole	8000/000
Bank	8400/000
Kleinkas	8410/000
Verskafferkontrole	9000/000
BTW-kontrole	9500/000
Beginsaldo	9990/000

2.3 VERSKAFFERSKEDULE (Reeds opgestel)

Verwerk die beginsaldo's van die verskaffers volgens die ouderdomsontleding op 30 April 2018.

Kode	Verskaffer	60 dae	30 dae	Huidig	Totaal
S001	Osie Distributors	123.00	567.00		690,00
S002	JVR Retailer		890.00	1 234,00	2 124,00
S003	Kantoorvoorraad				

Kopiereg voorbehou

2.4 KLANTSKEDULE (Reeds opgestel)

Kode	Klante
F001	Freeman, L
CZ99	Kontantverkope

2.5 VOORRAAD SOOS OP 30 APRIL 2018 (Voorraaditems reeds opgestel)

Met behulp van die rekenaarprogram word deurlopend aandag gegee aan die voorraadstelsel. ALLE voorraadaankope word deur middel van koopnotas gedoen, en alle verkope word deur middel van die gerekenariseerde faktuurstelsel gedoen.

Voorraaditems is reeds opgestel. Die besigheid voeg 'n 22%-winsmarge by die kosprys van voorraaditems.

Ekslusiewe belastingverwerking word op ALLE voorraadaankope en voorraadverkope toegepas, behalwe wanneer die teendeel op fakture aangedui word.

Die volgende voorraadkodes en -pryse (BTW uitgesluit) is van toepassing:

Voorraad-kode	Beskrywing	Eenheid	Kategorie	Kos-prys	Verkoop-prys
2012	Super 10	1 ℓ	Huisprodukte	116,00	141,52
2021	LDC	1 ℓ	Huisprodukte	150,00	183,00
2316	Aloe Vera Gel	Elk	Skoonheid	175,00	213,50
2324	Gentle cleansing bar	Elk	Skoonheid	183,00	223,26
2584	Nutrishake	500 g	Aanvulling	473,00	577,06
2593	Daily vitality pack	30 elk	Aanvulling	719,00	877,18
2721	Cal-Mag	100 tablette	Aanvulling	140,00	170,80

Kopiereg voorbehou

3. BYKOMENDE PARAMETEROPSTELLING

- Die besonderhede op die Opstel-, Klante-, Dokumenteskerm asook die Verskaffer-, Dokumenteskerm is onvolledig. Hierdie besonderhede moet ingevul word met behulp van die inligting hier onder:
  Verskaffersfaktuurno.: SI0501
  Kredietnota-no.: CN051
- Voeg die volgende diensitem by:
  Kode: FR
  Beskrywing: Vrag
  Korting: Geen
  Eenheid: per/km
  Verkoopprys: 3,75 per km (eksklusief)
  Tik: Toon aantal en eenheid
- Voeg die Slegteskuldjoernaal as 'n nuwe inskrywingstipe by.
- As daar geen vroeëbetalingsbepaling vir 'n faktuur is nie, skep/voeg die bepaling term by.

4. TRANSAKSIES VIR MEI 2018 (TYDPERK 3)

VERANDER MACROS VAN 4.1 TOT 4.6

4.1 Jy word versoek om die Bankrekonsiliasie vir Mei 2018 te doen. MOENIE die Kontantontvangste- en Kontantbetalingsbondels opdateer voordat jy die Bankrekonsiliasie voltooi het nie.

4.2 Gebruik die VERWYSINGSREKONSILIASIEMETODE vir die doel van die Bankrekonsiliasie.

4.3 Wanneer jy gerekenariseerde brondokumente verwerk, kies die opsie wat BELASTINGPERSENTASIES in die lyninskrywings op hierdie dokumente vertoon.

4.4 As jy die gerekenariseerde brondokumente en joernaalbondels klaar toegevoer het, moet jy hulle uitdruk en opdateer.

4.5 Raadpleeg die aangehegte addendum met die toelaatbare aftrekkings ten opsigte van INSETBELASTING.

4.6 Indien daar geen grootboekrekening is waar 'n spesifike transaksie ingeskryf kan word nie, moet hierdie rekening geskep word. Pas die rekeningstruktuur toe soos uiteengesit.

5. AANVAARDINGSALDO'S

Gebruik die inligting by 2.3 hier bo om die beginsaldo’s van die verskafferrekenings op 30 April 2018 volgens die ouderdomsontleding in die relevante joernaal te verwerk. Dateer die bondel op.

Kopiereg voorbehou

6. **KREDIETFAKTURE (TYDPERK 3)**



Osie Distributors

☎ 011 372 8585

BTW Reg no: 159357284 **OD3**

BELASTINGFAKTUUR

AAN: Life Distributors
Belaweg 72
SESHEGO, 0751

Sapphirestraat 51
VAALWATER
0537

BEPALINGS: 15%-korting binne 30 dae
10%-handelskorting

02/05/2018

Aantal	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
24	Nutrishake	573	00	13 752	00
12	Gentle cleansing bars	185	00	2 220	00
12	Daily vitality pack	719	00	8 628	00
18	LDC	150	51	2 709	18
			Subtotaal	27 309	18
			10%-korting	2 730	92
				24 578	26
			14% BTW	3 440	96
			TOTAAL	**R28 019**	**22**

H&H ❶



☎ 015 3456789
herdien.z1@iafrica.com

BTW Reg no.: 741852963
FAKTUUR

HH1

3 AFGUNS 0534

AAN: Life Distributors
Belaweg 72
SESHEGO, 0751

Pleinstraat 20
AFGUNS, 0534
LIMPOPO

BEPALINGS: 7,5%-korting binne 30 dae
15%-handelskorting

09/05/2018

Aantal	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
4	Aloe Vera Gel	175	00	700	00
8	Cal-Mag	144	44	1 097	74
12	Super 10	166	00	1 992	00
			Subtotaal	3 789	74
			15%-korting	568	46
				3 221	28
			14% BTW	450	98
			TOTAAL	**R3 672**	**26**

❶ Life Distributors gebruik voortaan 'n nuwer verskaffer, H&H. Verskafferkode: S003. Die kontakpersoon is Zair Herdien. Sy kontakbesonderhede is 062 883 4835 en sy faksnommer is 015 345 6788. Posbus 3, Afguns, 0534. Kredietlimiet: R4 000,00. Laat 'n 5%-addisionele korting op Cal-Mag toe.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

No. JVR001

JVR Retailer



16/05/2018

Natropstraat 23
BOCHUM
0790

BTW Registrasieno.: 397128645

☎ 015 678 5432
💻 015 678 5454

FAKTUUR

AAN: Life Distributors
Belaweg 72
SESHEGO, 0751

BEPALINGS: 15%-korting binne 30 dae
7,5%- algemene korting

Aantal	Beskrywing	Eenheidsprys Inklusief		Bedrag Inklusief	
10	Cal-Mag	159	60	1 476	30
20	Vita Squares ❷	242	00	4 477	00
			Subtotaal	5 704	89
			7,5%-korting	482	70
				5 222	19
			14% BTW	731	11
			TOTAAL	**R5 953**	**30**

❷ Life Distributors het besluit om Vita Squares in voorraad te hou. Lê die nuwe voorraad vas. Itemkode 2893. Eenheid: 180 tablette. Voorraadkategorie: Aanvulling. Sleutel die koste en verkoopprys in.

BELASTINGFAKTUUR

BTW Regno. 369258147

✆ 015 864 3791



ET2/1

Klantbesonderhede:
Life Distributors
Belaweg 72
SESHEGO, 0751

KANTOOR-VOORRAAD
Collegelaan 7
HOEDSPRUIT
1380

BEPALINGS: Streng 30 dae

DATUM: 23/05/2018

Beskrywing	Inklusiewe bedrag	
5 rekenaars @ R5 500,00 elk	27 500	00
10 bokse drukpapier @ R262,80 elk	2 628	00
TOTAAL	**R30 128**	**00**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

7. TERUGSENDINGS NA VERSKAFFERS (TYDPERK 3)

DATUM	VERSKAFFER	REDE
11/05/2018	Osie Distributors	2 Gently cleansing bars – het seep ontvang 3 Nutrishake – verkeerde kleur
25/05/2018	Kantoorvoorraad	2 bokse drukpapier – verkeerde afleweringadres

8. VOORRAADVERKOPE (Tydperk 3)

- Rekening Z99 word vir ALLE kontantverkooptransaksies gebruik.
- Kontantverkoopklante kry 'n 12%-kontantkorting op ALLE aankope.
- Die naam en adres van ALLE kontantklante moet op die dokumente aangedui word – gebruik die 'afleweringsadres'-veld.
- ALLE kredietklante kry 'n korting van 15% as hulle binne 30 dae betaal, tensy ander bepalings aangedui word.
- Boodskap vir krediettransaksies: 'Nuwe produkte wat op 15 Mei 2018 aankom'.

NAAM	DATUM	BEPALINGS	BESONDERHEDE
Nuwe klant: C. Swart❸ Posbus 38 MODIMOLLE 0510	01/05/2018	7,5% binne 60 dae	5 Daily vitality pack 7 Gentle cleansing bar 1 Nutrishake
S. Welch Nelson Mandela-rylaan 97 MOGWADI 0715	10/05/2018	Kontantverkoop	5 Nutrishake 3 Daily vitality pack 1 Cal-Mag Vrag: 15 km
L. Freeman	20/05/2018	7,5%-faktuur-korting	2 Aloe Vera Gel 4 Cal-Mag 6 LDC 8 Super 10 Vrag: 30 km

❸ Life Distributors verkoop voortaan aan 'n nuwe kredietklant, genaamd C. Swart. Telefoon: 015 987 6543. Die kontakpersoon is C. Swart. Adres: Mainweg 981, MODIMOLLE, 0510. Kredietlimiet: R4 500,00. BTW-regno.: 741852963. Korting: 10%-handelskorting

9. TERUGSENDINGS VANAF KLANTE (Tydperk 3)

NAAM	DATUM	BESONDERHEDE VAN TERUGSENDINGS
Freeman, L	22/05/2018	2 Cal-Mag – het magnesium ontvang 3 LDC – verkeerde grootte

Kopiereg voorbehou

10. KLEINKASBETALINGS (Tydperk 3)

Die volgende is 'n bondelopsomming van Kleinkasbetalings gedurende Mei 2018. Die kleinkasbewys waarmee toevoer moet begin, is V15.

Datum	Besonderhede	Bedrag
07/05/2018	Petrol by BP vir eienaar se grassnyer	R30,00
14/05/2018	'n Donasie aan Bela-Bela vir kindersorg	R250,00
21/05/2018	Koop penne en krambinders by PNA	R75,99
28/05/2018	Geskenke vir personeel by Messina Geskenkwinkel vir die jaareindfunksie	R357,91

11. KONTANTONTVANGSTE (Tydperk 3)

Kontant ontvang volgens Kontantregisterrolle

Life Distributors
Belaweg 72
SESHEGO, 0751

Kassiernaam: Nancy Mcosana

CRR 3/1 12:15:18 11/05/2018

Kontantaankope R5 705,84

Bewaar u strokie as bewys van aankoop.

Duplikate van uitgereikte fakture

No. 51	Datum: 02/05/2018	
ONTVANG VAN: Moira Lapoorta		
die som van		
Tien duisend vyf honderd rand	**10 500**	**00**
nul sent		
Vir Huurinkomste		
Fikile Xanjana		Dankie

No. 52	Datum: 15/05/2018	
ONTVANG VAN: Chase Bank		
die som van		
Vyf en sewentig duisend rand	**75 000**	**00**
nul sent		
Vir Belegging by Chase Bank		
Fikile Xanjana		Dankie

Kopiereg voorbehou

No. 53	Datum: 25/05/2018	
ONTVANG VAN: Freeman, L		
die som van ???		
??? rand	**???**	**??**
??? **sent**		
Ter vereffening van faktuur op 20 Mei 2018		
Fikile Xanjana	Dankie	

No. 54	Datum: 30/05/2018	
ONTVANG VAN: A. Mampa		
die som van		
Vyf duisend vyf honderd rand	**5 500**	**00**
nul sent		
Vir Slegte skulde wat voorheen afgeskryf is		
Fikile Xanjana	Dankie	

DUPLIKAAT VAN DEPOSITOSTROKIES

CHASE BANK			**DEPOSITOSTROKIE**	BDS5/1	
02/05/2018			**Rekeningnommer:**	12010120010	
Krediet:	*LIFE DISTRIBUTORS*		**Kontant**	5 705	84
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. Chase Bank	Chase	SESHEGO	10 500	00
	2.				
			TOTAAL	16 205	84
Inbetaal deur:	*Fikile Xanjana*				

CHASE BANK			**DEPOSITOSTROKIE**	BDS5/2	
16/05/2018			**Rekeningnommer:**	12010120010	
Krediet:	*LIFE DISTRIBUTORS*		**Kontant**		
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. Chase Bank	Chase	SESHEGO	75 000	00
	2.				
			TOTAAL	75 000	00
Inbetaal deur:	*Fikile Xanjana*				

Kopiereg voorbehou

CHASE BANK			DEPOSITOSTROKIE		BDS5/3
30/05/2018			Rekeningnommer:	12010120010	
Krediet:	*LIFE DISTRIBUTORS*		**Kontant**		
Bankstempel	Naam van trekker	Bank	Tak		
	1. L. Freeman	STA	Bochum	???	??
	2. A. Mampa	ABC	Mogwadi	5 500	00
			TOTAAL	???	??
Inbetaal deur:	*Fikile Xanjana*				

12. **TJEKBETALINGS (Tydperk 3)**

Tjeknommers begin met CQ0250

01/05/2018	
TO/AAN:	Vaalwater Properties
FOR/VIR:	Maandelikse huur
AMOUNT/ BEDRAG:	R13 353,00

03/05/2018	
TO/AAN:	Munisipaliteit
FOR/VIR:	Water en elektrisiteit
AMOUNT/ BEDRAG:	R5 678,90

04/05/2018	
TO/AAN:	Messina Insurers
FOR/VIR:	Versekering eienaar: R456,78
AMOUNT/ BEDRAG:	R3 456,78

14/05/2018	
TO/AAN:	Osie Distributors
FOR/VIR:	Vereffening van rekening (Geen afslag vir uitstaande saldo's vir Februarie en Maart 2018)
AMOUNT/ BEDRAG:	R???

22/05/2018	
TO/AAN:	JVR Retailer
FOR/VIR:	Vereffen rekening op 1 Mei 2018
AMOUNT/ BEDRAG:	R???

29/05/2018	
TO/AAN:	Kontant
FOR/VIR:	Herstel kleinkas voorskotbedrag
AMOUNT/ BEDRAG:	R???

Kopiereg voorbehou

30/05/2018	31/05/2018
TO/AAN: Telkom	***TO/AAN***: Kantoorvoorraad
FOR/VIR: Telefoon	***FOR/VIR***: Vereffen rekening
AMOUNT/ BEDRAG: R1 234,56	**AMOUNT/ BEDRAG**: R29 000,00

13. **BANKSTAAT ONTVANG (Tydperk 3)**

LET WEL: Die bedrae op die Bankstaat is korrek.

CHASE BANK

Life Distributors
Belaweg 72
SESHEGO
0751

Rekeningno.: 38107651893

Staat 03

Datum: 31/05/2018

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET(-) KREDIET	SALDO
01/05/2018	Direkte deposito	50 000,00	50 000,00
02/05/2018	Tjek CQ0250	13 535,00-	36 465,00
07/05/2018	Debietorder	3 456,78-	33 008,22
08/05/2018	Diensgeld	24,68-	32 983,54
10/05/2018	BDS5/1	16 205,84	49 189,38
12/05/2018	Tjek CQ0252	3 456,78-	45 732,60
16/05/2018	BDS5/2	75 000,00	120 732,60
18/05/2018	Kontanthanteringsgeld	35,79-	120 696,81
21/05/2018	Intern. rek. oorplasing	12 345,67-	108 351,14
24/05/2018	Tjekboek	75,00-	108 276,14
29/05/2018	Tjek CQ0255	713,90-	107 562,24
30/05/2018	Belastingheffing	67,89-	107 494,35
31/05/2018	R. Whiting	24 680,24-	???
31/05/2018	INT	104,17	???

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

13.1 Teken die bankkoste op.

13.2 Die direkte deposito is van Xandria Welch vir bykomende kapitaal.

13.3 Die internetoorplasing was vir 'n kantoorlessenaar en -kabinette wat by Vivo Furnishers gekoop is.

13.4 Die debietorder was ten gunste van Seshego Munisipaliteit vir Mei se eiendomsbelasting en diensgelde.

13.5 Salaris vir R. Whiting vir Mei 2018.

13.6 INT is vir die rente op die huidige rekening.

14. **DIVERSE TRANSAKSIES VIR MEI 2018 (Tydperk 3) (Druk die inskrywingstipes nadat jy al die aanpassings voltooi het.)**

Kantoor-memo

M5/1

LIFE DISTRIBUTORS

AAN: Timmy Goliath	**DATUM: 01/05/2018**

Die eienaar het die volgende voorraaditems teen die gemiddelde koste geneem:

Super 10 – 2
Nutrishake – 3
Aloe Vera Gel – 1

Teken die transaksie in die relevante joernale op.
Skep 'n nota vir die voorraaditems. Koppel dit aan die gekose debietrekening. Onderwerp: VOORRAADITEMS. Druk die nota.

M5/2

LIFE DISTRIBUTORS

AAN: Timmy Goliath	**DATUM: 31/05/2018**

'n Voorraadopname is op 31 Mei 2018 gedoen. Verwerk die voorraad-opname se hoeveelhede.

2012	19	2021	30	2316	07	2324	13
2584	22	2593	24	2721	30	2893	18

Teken die transaksie vir die eindvoorraad in die relevante inskrywingstipe op.

Kopiereg voorbehou

Kantoor-memo

M5/3

LIFE DISTRIBUTORS

AAN: Timmy Goliath	**DATUM: 31/05/2018**

Skryf die skuld van L. Freeman af weens onvoldoende fondse.

Voer die transaksie in die relevante inskrywingstipe in. Druk dit uit.

Kantoor-memo

M5/4

LIFE DISTRIBUTORS

AAN: Timmy Goliath	**DATUM: 01/05/2018**

Teken die depresiasie op en bereken dit teen 17,5% van die afnemende saldo van rekenaartoerusting vir die vorige finansiële jaar.

Rekenaartoerusting: Koste	R750 000,00
Rekenaartoerusting: Opgehoopte depresiasie	R75 000,00

Toon die berekening in die beskrywingsveld. Rond af tot 2 desimale.

Kopiereg voorbehou

15. **DRUKSTUKKE (Tydperk 3)**

Die volgende drukstukke moet ingegee word in die volgorde wat hier onder aangedui word. Die gerekenariseerde dokumente moet in die korrekte numeriese volgorde gerangskik word.

15.1 Ouderdomsontleding van Verskaffers (MOENIE besonderhede toon nie) (April 2018) (5)

15.2 Gerekenariseerde brondokumente (Mei 2018):

Verskaffersfakture	(27)
Debietnotas	(7)
Belastingfakture	(26)
Kredietnotas	(8)

15.3 Bondellystings met gegenereerde inskrywings (Mei 2018):

Verskaffersjoernaal	(9)
Verskafferkortingsjoernaal	(7)
Algemene joernaal (aanpassings)	(8)
Voorraadjoernaal (aanpassing)	(4)
Nota (aanpassing)	(4)
Voorraadjoernaal	(4)
Slegteskuldjoernaal	(6)
Kontantontvangstejoernaal (ná Bankrekonsiliasie)	(13)
Kontantbetalingsjoernaal (ná Bankrekonsiliasie)	(23)

15.4 Bankrekonsiliasiestaat soos op 31 Mei 2018 (4)

15.5 Inskrywingstipebesonderhede van Kleinkasbetalingsjoernaal vir Mei 2018 (8)

15.6 Vooraadwaardasie op 31 Mei 2018 – druk nul items. Druk volgens die beskrywing. (3)

15.7 Klantlysting van C. Swart (Toon besonderhede) (Geen gebruikergedefinieerde velde) (9)

15.8 Proefbalans (Mei 2018) (Inkomstestaatrekenings eerste) (MOENIE nulitems druk nie.) (MOENIE beginsaldo's insluit nie.) (5)

[180]

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOT TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

TOELAATBARE AFTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN INSETBELASTING

		BTW word gehef		Inset-BTW aftrekbaar	
		Ja	**Nee**	**Ja**	**Nee**
Advertensies		X		X	
Bankkoste:	Diensgeld	X		X	
	Kontanthanteringsgeld	X		X	
	Tjekboek	X		X	
	Belastingheffing		X		
Slegte skulde/slegte skulde verhaal		X		X	
Verbruiksvoorraad		X		X	
Depresiasie			X		
Skenkings			X		
Tekeninge			X		
Elektrisiteit en water		X		X	
Algemene onkoste – geskenke		X		X	
Versekering		X		X	
Rente betaal/ontvang			X		
Beleggings			X		
Rekenaartoerusting		X		X	
Kantoortoerusting		X		X	
Petrol en olie			X		
Drukwerk en skryfbehoeftes		X		X	
Eiendomsbelasting en diensgelde			X		
Verversings		X		X	
Rente betaal/ontvang		X		X	
Salarisse en lone			X		
Telefoon		X		X	

Kopiereg voorbehou